kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

## Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

**Lied 163**

Soos ‘n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

## Woorddiens

Tema: Kan ons gesels? Oor Gesprekke.

Skriflesing: Johannes 3:1-17

### Broodjies vir die pad

```
ontboste reënwoude wees ons genadig
plastiekversmorende see wees ons genadig
ontboste reënwoude wees ons genadig
ysbeer uitgewerp op ’n stuk ysskots
hoe vra ons van jou om te vergeet
```

*uit **Tussenganger** deur Marius Crous*

“A writer - and, I believe, generally all persons - must think that whatever happens to him or her is a resource. All things have been given to us for a purpose, and an artist must feel this more intensely. All that happens to us, including our humiliations, our misfortunes, our embarrassments, all is given to us as raw material, as clay, so that we may shape our art.”
— Jorge Luis Borges, Twenty-Four Conversations with Borges: Interviews by Roberto Alifano 1981-1983

**Jorge Francisco Isidoro Luis Borges Acevedo, usually** referred to as Jorge Luis Borges (Spanish pronunciation: [xorxe lwis borxes]), was an Argentine writer and poet born in Buenos Aires. In 1914, his family moved to Switzerland where he attended school and traveled to Spain. On his return to Argentina in 1921, Borges began publishing his poems and essays in Surrealist literary journals. He also worked as a librarian and public lecturer. Borges was fluent in several languages. He was a target of political persecution during the Peron regime, and supported the military juntas that overthrew it.

Due to a hereditary condition, Borges became blind in his late fifties. In 1955, he was appointed director of the National Public Library (Biblioteca Nacional) and professor of Literature at the University of Buenos Aires. In 1961, he came to international attention when he received the first International Publishers' Prize Prix Formentor. His work was translated and published widely in the United States and in Europe. He died in Geneva, Switzerland, in 1986.

J. M. Coetzee said of Borges: "He, more than anyone, renovated the language of fiction and thus opened the way to a remarkable generation of Spanish American novelists."

### 'Sit jou foon weg, maak jou oë toe en luister na mekaar'

*Alwyn Van Der Merwe, Universiteit Stellenbosch*

Moderne liefde word grootliks beïnvloed deur die manier waarop ons verhoudings gestruktureer is. Die struktuur van verhoudings kom al ’n lang pad, van hoflike besoeke aan die ouerhuis tot vandag se kykNET en chill.

Ons is vandag meer in beheer van ons verhoudings en gevolglik ons liefde as ooit tevore. Dit bring talle uitdagings waarvoor ons nie altyd die regte gereedskap het nie.

Honderd jaar gelede het mense nog op plase gewoon, ver van almal en alles af. Jou enigste kans om iemand te ontmoet was die een keer in hoeveel maande wat jy kerk toe gegaan het vir ’n troue, ’n doop, of ’n begrafnis.

’n Mens kon nie regtig vol draadwerk wees nie. Jou keuse van ’n lewensmaat was grootliks beïnvloed deur jou sosiale status, finansies en kulturele norme. Jy het iemand gekies en by hulle gebly. Daar was minder keuses, daar was minder besluite.

Geloof het die verhouding se verantwoordelikhede en rolle vir jou gedikteer. Pa is hoof van die huis en Ma is in die kombuis terwyl die kinders moet stilsit en stilbly. Mense het geweet wat om te verwag en wat van hulle verwag word. Dit was ’n era van stabiliteit, sekuriteit en sekerheid.

Hoewel stabiliteit, sekuriteit en sekerheid belangrik is vir die psige van die mens, is dit nie die tema van die moderne samelewing nie. Elke faset van die menslike bestaan het al drasties verander oor die laaste honderd jaar.

Ons lewe in ’n tyd met moontlikhede wat vir vorige generasies ongehoord was, of selfs skandelik. Dis ’n meer oopkop-bestaan, maar ook meer raaiselagtig. Ons kan oor die wêreld heen reis, besluit oor ons werk, en daar is net minder sosiale reëls. Al hierdie ontwikkeling is ongelooflik, maar daarmee saam raak die wêreld meer kompleks, en verhoudings is geen uitsondering nie.

**Ons stap op onbekende terrein**

Daar is nuwe norme en nuwe reëls. Dis nie meer twee persone wat mekaar sien onder hul ouers se toesig en met die doel om te trou nie, dis uitgaan om iets te drink net vir die genot daarvan. Die stabiliteit en sekuriteit het ons verruil vir vryheid en avontuur.

Met sosiale media en die struktuur van die moderne samelewing is potensiële verhoudings volop. Al hierdie opsies laat dit voel asof iemand ’n miernes oopgeskop het. Dis nie altyd duidelik wat die ander persoon soek nie, of iemand verwerp jou, of jy sien net iemand vir die plesier daarvan.

Dis als goed en wel, maar kwantiteit beteken nie kwaliteit nie. Hierdie oorvloed van inligting, sosiale media en besluite, laat ons soms verward.

Ons raak eensaam en angstig, want ons lewe in ’n paradoks. Ons soek steeds stabiliteit en sekuriteit, maar hierdie vryheid veroorsaak dat ons onsself in ’n wispelturige samelewing bevind.

Nou draai ons na ons lewensmaat om hierdie stabiliteit en sekerheid vir ons te gee. In moderne liefde word daar toenemend op mekaar druk geplaas om mekaar te help en te ondersteun. Baie gebruik verhoudings om die diepsinnige vervulling te vind wat geloof eens vir ons gegee het.

Ons soek die sin van aanvaarding in ons lewensmaat. Dis nie meer net sosiale status en finansies nie, dis kameraderie, dis jou beste vriend saam wie jy ’n avontuur deel.

Ons maak nou die reëls van die verhouding. Emosioneel word daar meer verwag van jou en jou lewensmaat. Gevolglik is kommunikasie belangriker as ooit tevore. Ons wil praat oor waarvoor ons bang is en wat ons onseker maak, en ons wil veilig voel terwyl ons dit doen. Moderne liefde verg albei in die verhouding se aandag, jy wil voel asof jy iets beteken.

Sit jou foon weg, maak sommer jou oë toe en luister na mekaar. Jou oë is dalk die venster na die hart, maar om na iemand te luister, is die eenrigtingpad reguit siel toe. Sosiale media versprei so graag die propaganda van perfek wees. Hoeveel keer het vriende al na jou toe gekom om aan te kondig hulle breek op, of om jou te vertel daar is owerspel gepleeg terwyl die verhouding oënskynlik piekfyn gelyk het.

Die moderne liefde en die moderne verhouding laat almal soms in die duisternis; moet net nie te skaam wees om te praat nie, moet net nie te trots wees om te luister nie.

**Wat moet ons doen?**

Ons lewensmaat raak ons skuiling teen die wanorde in die samelewing. Jou lewensmaat is jou stabiliteit, soms jou geestelike gesondheid.

Moenie wag vir gesprekke by ’n sielkundige nie, luister na mekaar en wees kwesbaar. Die gehalte van jou verhouding bepaal die gehalte van jou lewe.

Voorheen het die formaliteit van trou of ’n gesin verhoudings bymekaar gehou, vandag is dit net liefde en kommunikasie wat daardie funksie kan verrig. Jou lewensmaat is die stabiliteit en sekuriteit waarna ons verlang in die ingewikkelde moderne samelewing.

* *Alwyn van der Merwe studeer BCom LLB aan die Universiteit Stellenbosch. Hy kom van Citrusdal.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Die-Student/sit-jou-foon-weg-maak-jou-oe-toe-en-luister-na-mekaar-20200303

“Yes, my mind was wandering. I wished I were there with someone who could bring peace to my heart someone with whom I could spend a little time without being afraid that i would lose him the next day. With that reassurance, the time would pass more slowly. We could be silent for a while because we'd know we had the rest of our lives together for conversation. I wouldn't have to worry about serious matters, about difficult decisions and hard words.”
— Paulo Coelho, By the River Piedra I Sat Down and Wept

“If I got rid of my demons, I’d lose my angels.”
— Tennessee Williams, Conversations with Tennessee Williams

“Surely only boring people went in for conversations consisting of questions and answers. The art of true conversation consisted in the play of minds.”
— Ved Mehta, All for Love

“A person isn't who they are during the last conversation you had with them - they're who they've been throughout your whole relationship.”
— Rainer Maria Rilke

## Brood vir die pad

### Lydenstyd vra vir selfondersoek oor wat wesentlik is

*RRV*

Verlede Sondag is by die Verenigende Gereformeerde Kerk in Khayamandi, Stellenbosch, ’n boek met 52 preke in Xhosa deur Jaap Durand bekend gestel.

Durand, vroeër professor en viserektor aan die Universiteit van Wes-Kaapland, het dié preke dekades gelede in die Oos-Kaap as predikant van die eertydse NG Kerk in Afrika gepreek.

Die argief van die Beyers Naudé-sentrum vir publieke teologie, Universiteit Stellenbosch, huisves onder meer ’n versameling van Durand se werk.

Dit is hieruit wat die preke gekies en uitgegee is onder die titel Umlilo Emlonyeni (“In jou mond ’n vuur” – ’n verwysing na Jeremia 5:14). Die bundel is geredigeer en ingelei deur Koos Oosthuizen, met ’n voorwoord deur F.B. Mbenenge.

Met die erediens voor die boekbekendstelling preek Durand, nou in sy diep tagtigs, weer een van hierdie preke. En dit word gou duidelik dat hierdie preek vir die prediker en baie mense in die gemeente méér as net historiese waarde het. Die boodskap fokus op die vraag wat navolging van Christus behels, met Lukas 14:25-35 as teks.

Durand wys daarop dat hierdie Skrifgedeelte een van die moeilikste en uitdagendste in die Nuwe Testament is, veral verse 26 en 27: “As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe. Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie.”

Ek kon ongelukkig nie Durand se preek in Xhosa volg nie, maar van ons ontvang ’n opsomming in Afrikaans.

Hierin skryf die prediker dat navolging van Christus nie (noodwendig) beteken om jouself te verarm of as martelaar te sterf nie, maar dat kruis opneem wel beteken dat niks tussen ons en Christus mag kom nie. Daarom Durand se slot-oproep: “U moet self besluit wat daar is wat tussen u en die werklike navolging van Jesus staan. Ek kan dit nie vir u doen nie.”

Ons bevind ons tans aan die begin van die kerklike seisoen van Lydenstyd, ’n tyd van voorbereiding op Pase in die lig van Christus se kruisweg. En dit is by uitstek ’n tyd vir die soort ongemaklike selfondersoek soortgelyk aan die uitnodiging waarmee Durand die opsomming van sy preek eindig.

Om klarigheid hieroor te kry, is – soos baie mense deur die eeue heen aangevoel en onderstreep het – inderdaad van wesentlike belang. Want dit is waarskynlik juis op hierdie punt waar ons versoek gaan word om eerder ’n ánder weg te neem.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-lydenstyd-vra-vir-selfondersoek-oor-wat-wesentlik-is-20200229

**Lied 526**

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
*Ubi caritas, et amor*
*ubi caritas, Deus ibi est.*

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877